# ENKELE STRATEGIEë VIR EKONOMIESE ONTWIKKELING IN DIE INFORMELE SEKTOR

H.E.C. de Bruyn
Departement Ondernemingsbestuur
Randse Afrikaanse Universiteit
JOHANNESBURG

**Abstract**

*Since 2 February 1990 the pace of change in South Africa has been accelerating on all fronts. One naturally thinks of political development, but this change applies equally to economic development in the black informal sector.*

*There is a need for national and local authorities as well as for the private sector to play a role in promoting informal business activities. Instead of legislating away the so-called problem, the reality of the economic situation in the informal sector should be recognised and managed in a supportive manner.*

*In a changing society high priority should be given to the nurturing of economic growth in the informal sector. The increasing numbers of the unemployed in South Africa, especially in urban areas, necessitates positive steps to deal with the realities of urbanisation and to ease the way in which honest income can be earned through various opportunities in the informal sector.*

*A healthy and growing small business in the informal sector is a vital ingredient to ensure widespread employment and income-creation in a market-orientated economy. This sector of the economy tends to be labour-intensive, is competitive by nature and is noted for the ease of entry - thus being a prime training ground for entrepreneurship.*

*It is absolutely clear that the growing debate surrounding the informal sector in South Africa should be coupled with the application of reformist development strategies throughout the sub-continent.*

*It order to improve the current situation, some specific strategies to achieve social and economic upliftment in the informal part of the economy are identified by the author. Although the informal sector forms an integral part of the economy as a whole, the focal point of this article is the economic role and function of the black population in the informal sector.*

## 1. INLEIDING

Die datum 2 Februarie 1990 sal in die geskiedenis aangeteken staan as dié dag waarop 'n nuwe denkrigting in Suid-Afrika gevestig is - 'n dag wat gekenmerk sal word vir die fundamentele verandering wat toe in beweging gekom het; verandering wat elke terrein van die Suid-Afrikaanse huishouding raak.

Die tempo van verandering in Suid-Afrika het sederdien.op alle fronte versnel. Strukture en grense wat as onbeweeglik beskou is, het verskuif. Hoewel die verandering hoofsaaklik polities waargeneem word, is dit tog die ekonomiese terrein wat elke landsburger se lewenspeil direk raak. Alle deelnemers aan die ekonomie - formeel en informeel - word hierdeur geraak; daarom geld hierdie verandering ook vir die gedeelte van die volkshuishouding wat as die informele sektor bekend staan.

Die nuwe Suid-Afrika bied 'n verskeidenheid uitdagings aan elkeen van sy burgers. Elke Suid-Afrikaner koester sekere verwagtings op verskillende gebiede. Tog is daar een onderliggende beginsel waarop 'n ordelik gestruktureerde en vooruitstrewende gemeenskap gebaseer moet word, naamlik 'n regverdige ekonomiese bedeling.

Dit is alombekend dat Suid-Afrika met 'n hoë werkloosheidsyfer 'n gebrek aan entrepreneurskapsontwikkeling ervaar. 'n Wyse waarop hierdie probleem aangepak kan word, is deur selfindiensneming oor 'n wye front. In hierdie verband kan die informele sektor 'n baie belangrike rol speel.

Die informele sektor vorm 'n integrale deel van die kleinsake-sektor en impliseer entrepreneurskap in sy eenvoudigste vorm. Die informele sektor kan gesien word as deel van Suid-Afrika se ekonomiese aktiwiteit wat nie in die amptelike statistiek weerspieël word nie. Vosloo (s.j.:1) sê baie duidelik: "It includes the officially unrecorded business of 'formal sector' entrepreneurs and enterprises." Die uiteenlopende verskeidenheid aktiwiteite, die groot getal mense betrokke, die lae koste van kapitaal per werkgeleentheid en die dikwels minimum vaardigheid wat vereis word, om nie eens van opleiding te praat nie, word selde in die informele sektor raakgesien.

In die konteks van die Derde Wêreld, speel die informele sektor 'n bepaalde rol in die skepping van werkgeleenthede en welvaart. Ook in Suid-Afrika is die rol van die informele sektor bepalend vir die veranderingsproses wat ons sedert 2 Februarie 1990 ervaar: nie alleen help dit die stedeling in sy soeke na werkgeleenthede nie, maar word entrepreneurskapsontwikkeling baie sterk aangewakker. Daarmee saam word 'n demper geplaas op looninflasie en kapitaal word gemobiliseer vir die voorsiening van plakkersbehuising en basiese dienste.

Dit is duidelik dat informele-sektor-aktiwiteite meer onder die swart bevolking voorkom. Ongeag die groei in grootte, is daar tog 'n groot mate van beperkende regulasies en wetgewing wat die groei strem. Nieteenstaande die deregulasie is daar nog heelwat instansies wat poog om honderde wette, ordonansies en regulasies volgens die letter van die wet toe te pas. Dit wil lyk of die grootste konflik voorkom tussen entrepreneurs uit die informele sektor aan die een kant en formele handelaars en plaaslike owerhede aan die ander kant.

Die doel met hierdie artikel ( hoofsaaklik gegrond op literatuurstudie) is om enkele perspektiewe met betrekking tot die aard, omvang, struktuur en ontwikkeling van die informele sektor te gee en om die noodsaak van sneller deregulering te beklemtoon as 'n eerste stap in die rigting van 'n vrye ekonomiese bestel in Suid-Afrika. Riglyne vir optrede met die oog op die ekonomiese ontwikkeling van die informele sektor word ook voorgestel.

## 2. DIE FORMELE EN DIE INFORMELE SEKTOR

Die ekonomiese bedrywighede van 'n land vertoon 'n uiteenlopende aard en wissel van formele tot informele aktiwiteite. Die formele aktiwiteite geskied in gevestigde strukture. Die formele sektor sluit die aktiwiteite van die regering en die ondernemings van die privaatsektor, wat amptelik deur die regering erken, beskerm en gereguleer word in, en word deur middel van die nasionale rekeninge van 'n land in die bruto binnelandse produk (BBP) aangeteken. Die informele aktiwiteite word nie in die nasionale rekeninge aangeteken nie en is dus nie deel van die BBP nie, maar bestaan daarnaas (Kroon, 1991:118).

Die konsep *informele sektor* is in 1971 deur die Britse antropoloog Keith Hart gebruik om die aandag te vestig op die groot getal mense in Wes-Afrika wat nie in 'n permanente loonbetrekking is nie maar tog ekonomies oorleef deur informele inkomstegeleenthede te benut (Hart, 1973). Die internasionale ontwikkelingsgemeenskap het dié konsep dadelik toegeëien as 'n handige konseptuele instrument om die probleem van werkloosheid in die (veral Derde) wêreld mee te ontleed en aan te spreek. Die opgewondenheid oor die konsep hou verband met die veronderstelde vermoë van die informele sektor om surplusarbeid te absorbeer, in teenstelling tot die kapitaalintensiewe industrialisasieproses. Aan die einde van die sewentigerjare het die konsep ook hier in Suid-Afrika posgevat (Rogerson, 1985:6).

Die verskil tussen die formele en informele sektor is gebaseer op die ondernemings se eienskappe met betrekking tot hul ruilverhoudings met leweransiers en die posisie van hul ekonomiese aktiwiteite teenoor die owerheid. Die aard van die ruilverhouding is die primêre rede vir die ekonomiese onsekerheid van die bedrywighede in die informele sektor, wat op hul beurt die direkte oorsaak van die informele sektor se beperkte toegang tot verskeie hulpbronne is (Kroon, 1991:119).

Sethuraman (1976:70-73) verwys na die informele sektor as "... a society of new income - generating activities ..." of die "unorganised sector of the urban economy ...". Hy gaan verder deur die informele sektor in twee kategorieë te verdeel wat as die onreëlmatige (onwettige sektor) en die sogenaamde wettige informele sektor (*informal sector proper*)

bestempel kan word. Dit moet in gedagte gehou word dat die informele sektor gedy in daardie stedelike gebiede waar 'n hoë konsentrasie van arm mense, met 'n lae lewenstandaard en 'n totale gebrek aan sekuriteit is. Die sogenaamde *urban poor* kan gedefinieer word op verskillende maniere (Sethuraman, 1976:76) en sluit die volgende groeperinge in:

* Daardie mense wie se lewenspeil laer is as die nasionale per capita-inkomstevlak.
* Hulle benede die regionale per capita-inkomste.
* Diegene benede die regionale mediaan-inkomstevlak.

### 2.1 Inkomstegeleenthede

Geleenthede om 'n inkomste in die formele en informele sektor te verdien, kan soos volg saamgevat word (Hart, 1973:69 en Kroon, 1991:120-121):

#### 2.1.1 Formele inkomstegeleenthede

* Openbare sektor - salarisse.
* Privaatsektor - salarisse, dividende en professionele inkomste.
* Oordragbetalings - pensioene en werkloosheidsvoordele.

#### 2.1.2 Informele inkomstegeleenthede: wettig (gelisensieer).

* Sekondêre aktiwiteite - boukontrakteurs en aanverwante aktiwiteite, ambagsmanne, skoenmakers en tradisionele handwerk (kralewerk, matte en mandjies).
* Tersiêre aktiwiteite met relatiewe groot kapitaalinsette - vervoer (huurmotors, minibusse en vragmotors), goederespekulasie en verhuringsaktiwiteite.
* Kleinskaalse distribusie-aktiwiteite - verkopers van groente, vrugte, blomme, vleis, lewendige pluimvee, voorafbereide voedsel, klerasie, koerante en handwerk (straatsmouse) en kleinskaalse handelaars (*spaza shops*).

* Ander dienste, soos gelewer deur musikante, wasserye, skoenpoetsers, haarkappers, sjebeens, barbiers, fotograwe, werktuigkundiges, paneelkloppers, skoenherstellers, ketellappers, letterskrywers, pandjieshouers, kinderoppassters, tuinwerkers, ritueeldienste, kruiedokters en -verkopers, fietsherstellers en onderverhuring van kamera en persele.

* Privaatoordragbetalings - geskenke en soortgelyke vloei van geld en goedere tussen persone, leen, bedel, erf en lobola (informele finansiering).

### 2.1.3 Informele inkomstegeleenthede: onwettig

* Produksie-aktiwiteite - brousels (skokiaan).

* Dienste - woekeraars, pandjieshouers (teen onwettige rentekoerse), smokkelaars, sjebeens (nie-gelisensieerd), prostitusie, omkopery en vredemakers.

* Oordragte - kleinskaalse diefstal, sakkerollers, inbraak en gewapende roof, verduistering en bedrieglike toeëiening, vertroulike bedrieërs (geldverdubbelaars) en dobbelaars.

In baie lande is hierdie ekonomiese bedrywighede onwettig aangesien die meeste daarvan buite die stelsel van owerheidsregulering plaasvind.

Ten einde die verskil tussen die formele en informele sektor duidelik uit te lig, wat nie vir buitengewone gevalle voorsiening maak nie, word die onderskeidende kenmerke in tabel 1 kortliks saamgevat.

TABEL 1

**Enkele onderskeidende eienskappe van die formele en informele sektor**

| Eienskappe | Formele sektor (meestal) | Informele sektor (meestal) |
|---|---|---|
| Toetrede | Gereguleer | Ongereguleer |
| Lisensiëring | Gelisensieer/aangeteken | Ongelisensieer/onaangeteken |
| Hulpbronne | Plaaslike/oorsese | Inheemse/plaaslike |
| Bewerkings | Grootskaals | Kleinskaals |
| Besit (Eienaarskap/Ondernemingsvorm) | Maatskappy/vennootskap/beslote korporasie/ eenmansaak | Individu/gesin |
| Tegnologie | Modern/kapitaalintensief | Aangepas/arbeidsintensief |
| Vaardighede | Formeel verkry | Informeel aangeleer |
| Markte | Gereguleer | Ongereguleer |
| Werkure | Gereeld | Ongereeld |
| Voorraad | Groot/goeie kwaliteit | Klein/swakker kwaliteit |
| Pryse | Voorafbepaald | Onderhandelbaar |
| Krediet | Finansiële instellings | Persoonlik/nie institusioneel |
| Kliënteverhouding | Onpersoonlike | Persoonlik |
| Vaste koste | Aansienlik | Gering |
| Reklame | Noodsaaklik | Weinig |
| Belasting | Onderhewig | Nie onderhewig |
| Organisasie | Burokraties | Hoofsaaklik familiebesigheid |
| Elektrisiteit | Noodsaaklik | Geen |

Bron: Aangepas uit Rogerson & Beacon (1980:176), International Labour Office (1972:6), Kroon (1991:123) & Santos (1979:76).

### 2.1.4 Aard van ondernemings in die informele sektor

In terme van die definiëring van die informele sektor is Sethuraman (1976:81) van mening dat 'n bepaalde onderneming as deel van die informele sektor gereken kan word as dit ten minste aan *een* van die volgende voorwaardes voldoen (kyk ook Zim, 1991:15):

i Nie meer as 10 persone word in diens geneem (deeltydse en tydelike arbeid ingesluit).

ii Sodanige onderneming is onwettig in terme van ordonnansies en regulasies. Dit is onwettig in terme van ordonnansies en regulasies.

iii Daar is geen vasgestelde werksure/besigheidsure nie.

iv Die standplaas is gewoonlik semi-permanent of tydelik, of in baie gevalle 'n standplaas wat voortdurend van plek verwissel.

v Die onderneming beskik nie oor elektrisiteitsvoorsiening nie,

vi is nie afhanklik van finansiële instellings vir finansiering nie en

vii die uitset word gewoonlik direk aan die verbruiker verkoop.

viii Wat opvoedkundige kwalifikasies betref, het die eienaar van sodanige onderneming gewoonlik nie meer as ses jaar formele skoolopleiding nie.

ix Die onderneming is gewoonlik 'n familiesaak waar vriende en familie betrokke is.

Sethuraman (1976:81) is van mening dat bogenoemde eienskappe van ondernemings in die informele sektor hoofsaaklik op vervaardiging van toepassing is. In die geval van konstruksie is i, ii en ix spesifiek van toepassing, terwyl, wat vervoer betref, word i, ii, iii, iv, vi, viii en ix gemeld.

### 2.2 Uitgangspunt vir verdere bespreking

Teen die agtergrond van die voorafgaande, is dit gepas om 'n aanvaarbare definisie vir die doel van die bespreking te stel. Zim (1991:29) merk op: "Little has been done to define the informal sector from a business economic point of view". Vandaar dat Zim (1991:31) se definiëring as uitgangspunt sal geld vir die verdere bespreking van ondernemings in die informele sektor: "... all economic activities that are not licensed or officially registered and in this way operate outside existing legislation and are not recorded in the national accounts". Hierdie aktiwiteite kan beskou word as die enigste bron van inkomste of is aanvullend tot 'n ander bron en word hoofsaaklik uitgevoer in 'n tydelike, semi-permanente of permanente werkplek. Zim (1991:41) stel dit baie duidelik, en dit vind aansluiting by die volgende aspek onder behandeling, naamlik dat die bestudering van die informele sektor 'n sentrale rol speel in ekonomiese en ontwikkelingstudies. Daar is basies twee redes hiervoor:

- die informele sektor is 'n bruikbare instrument in die skepping van werkgeleentheid;

- die sektor se bydrae tot die distribusie van goedere en dienste en die bevordering van die informele sektor moet gesien word as deel van die promosieveldtog om 'n vrye ondernemingskultuur, veral onder die swart bevolking te vestig.

## 3. AARD EN BELANGRIKHEID VAN DIE INFORMELE SEKTOR

Die onaangetekende bedrywighede is 'n belangrike faktor in die ekonomie van alle lande en word in die Verenigde State van Amerika as *underground economy*, in Duitsland *shadow economy*, in Italië *submerged economy*, in Rusland *second economy* en in Suid-Afrika *unrecorded economy* beskryf (Kroon, 1991:118). Daar word na hierdie onaangetekende bedrywighede of nie-amptelike kleinsakesektor verwys as die sogenaamde skadu-ekonomie, onaangetekende ekonomie of die informele sektor. Maasdorp (1983:198) stel dit duidelik dat daar geen universeel-aanvaarde definisie van die informele sektor bestaan nie.

In Suid-Afrika is dit die afgelope tien jaar dat die informele sektor of sogenaamde 'skadu-handel' in die kollig is. Wat waargeneem word, is net die punt van die ysberg; 'n noukeurige bepaling van die omvang van die informele sektor is onmoontlik. Die vernaamste eienskap is juis dat dit onaangeteken is. Die informele sektor word ook gekenmerk deur die toeganklikheid van dié eiegemaakte ondernemings, die vindingrykheid van die ondernemers en die kleinskaal waarop handel gedryf word (Osborn, 1990:78). Hoë kapitale insette en 'n hoë mate van geskoolde vaardigheid word nie vereis nie. Bedrywighede in die informele sektor is arbeidsintensief, beskik gewoonlik oor geen lisensie nie en betaal ook geen heffings en belasting nie (Devereaux, 1990:6).

Soos reeds vermeld, komplementeer die informele sektor in 'n mate die formele sektor en dien as toegangsroete tot die formele sektor. Die informele sektor bied vir die bevolking van die Derde Wêreld geleentheid om deur selfindiensname welvaart te skep in 'n ekonomie met die bykans onmoontlike taak om die Eerste Wêreld en Derde Wêreld te akkommodeer. Só word die deelnemers in die informele sektor aan die voordele van 'n vryemarkekonomie blootgestel.

### 3.1 Voordele van die informele sektor

Die informele sektor bied binne die vryemarkekonomie 'n geleentheid vir die beoefening van individuele vryheid, keuse en inisiatief met bepaalde verantwoordelikheidsgrense. Binne hierdie bepaalde omstandighede vervul die informele sektor 'n belangrike rol met baie voordele. Kroon (1991:129-130) identifiseer die volgende voordele. Die informele sektor

- verskaf goedere en dienste en vul sodoende 'n leemte ten opsigte van die verskaffing van goedere en dienste deurdat produkte op die regte tyd, plek en prys en in die regte hoeveelheid aan die verbruiker beskikbaar gestel word (kyk ook Zim, 1991:33),

* bied die geleentheid om 'n inkomste te verdien - vir baie persone bied die informele sektor 'n eerlike wyse waarmee in hul eie lewensonderhoud voorsien kan word,

* skep werkgeleenthede: selfindiensneming verminder werkloosheid,

* dien as 'n opleidingsterrein waardeur persone se vermoëns en vaardighede verbeter word,

* dien as basis vir die ontwikkeling van die kleinsakesektor,

* stimuleer vindingrykheid en benut plaaslike bronne,

* bevredig die mens se innerlike behoefte aan selfrespek en menswaardigheid.

Bogenoemde voordele het 'n positiewe uitwerking op die ekonomiese konjunktuur. Die mening bestaan dat die informele sektor waarskynlik kontra-siklies beweeg en dat mense wat tydens resessies in die formele sektor werkloos raak, gewoonlik in die informele sektor werk vind. Die uitwerking van 'n dalende konjunktuur word hierdeur verminder (Louw, 1982:22).

### 3.2 Nadele van die informele sektor

Nieteenstaande bogenoemde voordele hou die informele sektor ook sekere implikasies vir die ekonomie in sy geheel in. Volgens Louw (1982:22) sluit hierdie implikasie die volgende in:

* Die onmoontlikheid van makro-ekonomiese berekeninge. Die informele sektor staan bekend as die onaangetekende ekonomie. Hierdie aktiwiteit word nie in die nasionale rekeninge weerspieël nie; gevolglik is berekeninge soos byvoorbeeld die werklike omvang van die ekonomie, werkloosheid en per kapita-inkomste foutief.

* Misdaad word meer aanvaarbaar. Streng gesproke is die vergrote ekonomiese bedrywighede in die informele sektor onwettig; daarom geld wettige prosedures vir byvoorbeeld skuldverhaling nie en gee dit aanleiding tot misdaad (Van Nieuwenhuyzen, 1991:3). Onwettige bedrywighede benadeel die gemeenskap: die nadelige gevolge van sjebeens soos kinderverwaarlosing, alkoholisme, dwelmgebruik, prostitusie en geweldmisdaad is oorbekend (Kroon, 1991:132).

* Die ontduiking van belastings en heffings. Dit is die plig van elke landsburger om die belasting soos deur die owerheid gehef, te betaal. Die ontduiking van persoon-

like en verkoopbelasting, deur die individue wat in die informele sektor optree, is een van die belangrikste punte van kritiek teen dié sektor. Die vervanging van die verkoopbelasting met toegevoegde waardebelasting beëindig ook een deel van die grootste punte van kritiek wat teen die informele sektor gehou is, naamlik ontduiking van verkoopbelasting. Die redenasie dat die omvang van die persoonlike belasting wat ontduik word, nie wesenlik is nie, onthef nie die individu van sy plig om die nodige middele ter beskikking van die owerheid te stel nie (Zim, 1991:36).

Nieteenstaande die bogemelde nadele is die voordele wat die informele sektor vir die volkshuishouding as geheel inhou van groot waarde: dit bied aan die deelnemers 'n wyse waarop daar in die daaglikse bestaansmiddele voorsien kan word.

### 3.3 'n Belangrike implikasies van die informele sektor: werkverskaffing

'n Nuwe Suid-Afrika sal slegs sinvol kan ontplooi indien werksverskaffing kan tred hou met die groot getal nuwe werksoekers en die absorbering van dié wat werkloos is. Kroon (1991:118) sê in dié verband:

> Gedurende die afgelope aantal dekades het die klem op die formele sektor as die belangrikste verskaffer van werkgeleenthede geval en min aandag is aan die informele sektor gegee. Dit is veral gedurende die afgelope twee dekades dat daar aan die potensiaal van die informele sektor as verskaffer van werkgeleenthede en voorsiener van ekonomiese selfversorgendheid aandag gegee word.

Die Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede (Presidentsraad, 1989:29) bevestig dat werkloosheid 'n baie ernstige probleem in Suid-Afrika is. Volle werkverskaffing as 'n ekonomiese doelwit is van besondere belang vir 'n jong en ontwikkelende ekonomie soos dié van Suid-Afrika. Die hoë bevolkingsgroeikoers lei tot 'n betreklike jong bevolkingsprofiel, en die jong toetreders tot die arbeidsmark beskik nie oor die nodige vaardighede wat die mark vereis nie. Kroon (1991:119) beweer dat daar na raming ongeveer ses miljoen werkgeleenthede oor die volgende 16 jaar geskep moet word.

Dit sal slegs moontlik wees indien Suid-Afrika 'n aansienlik hoër groeikoers as tans kan bewerkstellig. Ten einde dié vereiste getal werkgeleenthede binne die formele sektor oor die volgende 16 jaar te skep, beloop die kapitaalbehoefte teen 'n bedrag van so laag as R15 000 per werkgeleentheid, sowat R90 miljard. Die bedrag sluit net nuwe kapitaalinvestering in en maak nie voorsiening vir kapitaalvervanging om die bestaande arbeidsmag in diens te hou nie (Kroon, 1991:119).

Ekonomiese groei is nodig om die gemeenskap van sy vertwyfeling te bevry en sosiaal-ekonomiese hervorming te bespoedig. Behepteid met ideologies-politieke oorwe-

gings, eerder as die benutting van die land se ekonomiese potensiaal, het met die verloop van tyd 'n al groter tol in die vorm van werkloosheid, diefstal en algemene misnoeë met die owerheid en sy beleid geëis (Van Nieuwenhuyzen, 1991:3). Volgens Van Nieuwenhuyzen (1991:3) neig ekonomiese misdadigheid weens werkloosheid om binnekort een van die grootste bedrywe in die land te word. Dit wil tog voorkom of 'n meer gekoördineerde makro-ekonomiese bestuur, met die ekonomiese groeikoers as 'n belangrike prioriteit, die antwoord kan wees. Die projeksie van Kroon (1991:119) van 16 miljoen werkgeleenthede blyk konserwatief te wees (kyk tabel 3). Booyens (1991:1) rapporteer uit 'n verslag van die Buro vir Marknavorsing (UNISA) dat ses uit elke tien mense wat teen die jaar 2005 in die plaaslike arbeidsmag behoort te wees, werkloos sal wees en op 'n informele manier na hulleself sal moet omsien. Wanneer mense besef dat die skepping van rykdom van hulleself afhang en dat hul toekomstige welvaart op grond van eie inisiatief bepaal word, sal informele sake uitbrei om 'n gesonder ekonomie te ondersteun. Vosloo (1991:6) is van mening dat slegs 12,5 persent nuwe werksoekers tans in die arbeidsmark gehuisves kan word. Die balans, 87,5 persent, moet in die informele sektor 'n heenkome soek of deel van die getal werkloses bly.

Gegewens toon ook dat daar hopeloos te min werkgeleenthede geskep word: net sowat 31 000 word per jaar geskep waarvan slegs 5 persent deur die privaatsektor. Dit vergelyk swak met die verwagting dat daar tot die jaar 2005 gemiddeld 450 000 mense jaarliks tot die arbeidsmark gaan toetree. Teen die jaar 2005 sal die totale arbeidsmag meer as 20 miljoen mense wees (Booysen, 1991:1). Hierdie ramings en projeksies dui daarop dat net ongeveer sewe persent van alle nuwe toetreders tot die arbeidsmark in die formele sektor geabsorbeer sal word.

Die koste verbonde aan die skepping van 'n werkgeleentheid in 'n arbeidsintensiewe onderneming in die formele sektor vereis 'n investering van ongeveer R15 000 tot R30 000 of meer. Teenoor hierdie investeringsvereiste in die formele sektor, benodig ongeveer die helfte van die informele sektor 'n kapitaalinvestering van R2 000 of minder. Die aanvanklike kapitaalbehoefte vir 'n werkgeleentheid in die informele sektor kan so min as R1 000 beloop. As daar oor die algemeen van die veronderstelling uitgegaan word dat die koste vir die daarstelling van 'n semi-permanente struktuur gemiddeld ongeveer R3 000 per werker kan beloop, beteken dit dat ongeveer 10 werkgeleenthede in die informele sektor vir een werkgeleentheid in die formele sektor geskep kan word. Dit kan uiteraard nie onbeperk geskied nie (Kroon, 1991:118).

Dit is duidelik dat dit goedkoper is om 'n werkgeleentheid in die informele sektor as in die formele sektor te skep. In die lig van die kapitaalbehoefte vir die voorsiening van formele werkgeleenthede, behoort die voorsiening van werkgeleenthede in die informele sektor, wat reeds baie aandag ontvang, verder aangemoedig te word. Van die

belangrikste redes hiervoor is dat werkgeleenthede in die informele sektor dit vir baie mense moontlik maak om self in hulle lewensonderhoud te voorsien en die beginsels van entrepreneurskap aan te leer en te ontwikkel (Kroon, 1991:119).

Die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika toon dat sedert 1980 indiensneming en werkgeleentheid in die informele sektor gegroei het tot bykans die helfte van die formele sektor (Gill, 1990:3). Volgens statistiese gegewens vir 1980 was 22,8 persent van die werkende bevolking deel van die informele sektor en in 1989 het die persentasie na 28,9 persent opgeskuif. Hierdie tendens word geïdentifiseer terwyl daar vir dieselfde periode in die formele sektor 'n daling van 69 persent na 56,7 persent was. Dit is duidelik, soos Swanepoel (1990:10) dit stel: "When employment in the formal sector declines, the informal sector starts to take up the slack." Hiervolgens is die informele sektor dan 'n manifestasie van 'n ongesonde ekonomie, maar ten spyte hiervan maak die informele sektor ten minste 'n bydrae tot die ekonomiese aktiwiteit wat uiteraard beter is as niks. Vandaar dat kenners soos Swanepoel (1990:10) van mening is dat die informele sektor die potensiaal het om nog beter te presteer en 'n groter bydrae tot ekonomiese aktiwiteite te lewer. Dit is duidelik dat 'n ontsaglike ekonomiese potensiaal wag om ontgin te word.

Zim (1991:33) beweer dat die toetrede tot die informele sektor in stedelike en landelike gebiede plaasvind veral op die gebied van vervaardiging, handel en die verskaffing van dienste. In aansluiting by Zim (1991:36) lê die kruks en rede vir die bestudering van die informele sektor in Suid-Afrika in dié sektor se rol in die skepping van werkgeleenthede. Dit is in ooreenstemming met die ander ontwikkelende lande waar die bevordering van die informele sektor geleë is in die voorsiening van 'n leefbare lewenspeil aan daardie mense wat andersins werkloos sou wees.

Die benutting van een informele geleentheid impliseer die skepping van ten minste een werkgeleentheid. Hoe meer sulke informele geleenthede geskep word, hoe meer werkgeleentheid is daar.

## 3.4 DIE INFORMELE SEKTOR EN RESESSIE

'n Toename in die informele aktiwiteite in Suid-Afrika kan toegeskryf word aan die afname in ekonomiese aktiwiteite en die resultaat is dan 'n tekort aan werkgeleenthede in die formele sektor. Rogerson (1988:89) stel twee aannames wat 'n invloed op die groei en samestelling van die informele sektor kan hê. Die eerste is dat die groei in die informele sektor toegeskryf word aan 'n gebrek aan uitbreiding in die formele sektor. Die tweede aanname stel dat die uitbreiding in die informele sektor direk gekoppel is aan die integrasie van die formele en informele sektore. Gedurende reses-

sionele toestande vind groei in die informele sektor plaas weens 'n toename in armoede en dan word die informele sektor beskou as 'n toevlugsoord om van armoede te ontkom - 'n oorlewingsmeganisme vir daardie mense wat nie werkgeleentheid in die formele sektor kan bekom nie. Kantor (1988:37) sê in dié verband: "... most people in the informal sector would probably be glad to swop their marginal existence for steady employment in the formal sector".

Zim (1991:54) stel dit baie duidelik:

> The surge in the number of people involved in the informal sector over the past nine years appears to be indicative of a positive correlation between the growth of the informal sector and a worsening recessionary economic climate in South Africa.

Dit is duidelik dat selfs die groei in die formele sektor baie geleenthede skep vir groei in die informele sektor. Dit is so dat die ekonomiese vermenigvuldigingseffek van groei vir die formele sektor nuwe geleenthede vir die informele sektor skep.

Daar is duidelike voordele te behaal uit die direkte verhouding tussen die formele en informele sektor. 'n Spesifieke voorbeeld is die minibushuurmotorbedryf waar die formele en die informele sektor komplementêr tot mekaar staan. Daar bestaan 'n duidelike komplementêre aksie tussen die motorvervaardigers en die swart entrepreneurs wat die huurmotors bedryf. Spesifiek Toyota en Nissan was in staat om ten tye van 'n ekonomiese resessie vol te hou met die vervaardiging van minibusse. Tog is dit ook moontlik dat die sogenaamde sosiaal-onaanvaarbare aktiwiteite as byprodukte van die informele sektor ten tye van 'n resessie na vore kan tree.

## 4. OMVANG EN GROOTTE VAN DIE INFORMELE SEKTOR

Die belangstelling in die informele sektor is meer as 'n modeverskynsel en het meer as akademiese betekenis. Optimiste verwag dat die nuutontdekte entrepreneurskap in die informele sektor die vryemarkekonomie kan help red - iets wat 'n blink toekoms vir dié sektor voorspel. Al die belangstelling in die informele sektor verander nog nie veel aan die prosaïese daaglikse bestaan van miljoene mense vir wie die inkomste uit die informele sektor die verskil maak tussen oorlewing en ondergang nie.

Die presiese omvang van die informele sektor kan nie akkuraat bepaal word nie. Die vraag ontstaan nou waarom 'n meer akkurate syferwaarde van die omvang van die informele sektor dan van belang is. Indien dit 'akkuraat' gedoen sou kon word, kan dit onder andere beteken dat sekere makro-ekonomiese syfers meer betroubaar weergegee kan word (Anon, 1990a:21). Volgens verskeie navorsers en skrywers op hierdie terrein (Van den Berg, 1990:27, Scott-Wilson & Mailoane, 1990:53 en Anon, 1990a:21)

behoort die volgende belangegroepe daarby te baat.

* Die owerheidsbesluitneming rondom regulering en deregulering, arbeidswetgewing en gesondheidsregulasies word daardeur geraak. Die owerheid se verantwoordelikheid vereis dat die owerheid geleenthede moet skep waardeur individue en gemeenskappe kan ontplooi sodat elke individu en gemeenskap aan sy skeppingstaak kan voldoen. Die owerheid moet dus die algemene welsyn bevorder en 'n klimaat skep wat daarvoor bevorderlik sal wees.

* Die formele sektor - veral vervaardigingsondernemings en groothandelaars in verbruikersgoedere met die oog op markpotensiaalbepaling en markontginning.

* Plaaslike owerhede en streekdiensterade - die daarstelling van infrastruktuur in die gebiede waar die informele sektor optree veral met die oog op vervaardigingsaktiwiteite, gesondheid, higiëne en verkeersvloei (Zim, 1991:36).

* Korporatiewe instellings - byvoorbeeld die Reserwebank wat die monetêre en fiskale beleid van die sentrale owerheid uitvoer. Akkurater statistiese gegewens kan dan met betrekking tot die volkshuishouding voorsien word.

Wetenskaplik-betroubare statistiese gegewens met betrekking tot die omvang en invloed van die informele bestaan eenvoudig nie. Ekonome wat poog om die omvang en belangrikheid van die informele sektor te bereken, grond berekening op een of meer veronderstellings en/of beperkings. 'n Ontleding van die verskillende veronderstellings/beperkings sluit die volgende in:

* Dit is moeilik om die omvang van die informele sektor te meet aangesien toetrede tot en uittrede uit hierdie sektor ongekontroleerd kan geskied.

* Groei in die informele sektor word aan die vlak van werkloosheid gekoppel. Wanneer werkgeleenthede in die formele sektor afneem, neem werkgeleenthede wat deur selfindiensneming geskied, in die informele sektor toe: "... the informal sector is gathering strength while the formal economy is on the decline" (Swanepoel, 1990:10).

* Verstedeliking en die groei in plakkersgebiede lei tot 'n versnellende groei in die informele sektor. In 'n beheerde plakkergebied soos Orange Farms met 'n geskatte bevolking van ongeveer 25 000 mense word 420 spazawinkels deur die informele sektor bedryf. Hierteenoor doen net 19 handelaars sake volgens die voorskrifte van die formele sektor (Scholtz, 1991:30).

- Swart verbruikers se koopkrag word onderskat. Dit beteken dat die swart verbruikersmark vir 'n groter persentasie van die verkope verantwoordelik is as wat algemeen voorgegee word (Anon, 1989a:35).

- Die informele sektor voorsien 'n wyse van distribusie wat nie geïgnoreer kan word nie. Die informele ondernemer voorsien op die regte tyd en plek in 'n bepaalde behoefte en behoort nie deur die Eerste Wêreld se gesofistikeerde strukture, reëls, regulasies en wette verhinder te word om 'n bestaan te maak nie (Kroon, 1991:124).

- Soortgelyke wyse waarop ondernemings in die formele sektor kragte saamsnoer word vir die informele sektor voorspel (Molefe & Mafafo, 1990:1).

- Die formele en informele sektore kan naas mekaar bestaan, sonder dat die een 'n bedreiging vir die ander inhou.

- Daar bestaan besondere bemarkingsgeleenthede vir vervaardigers en leweransiers in die informele sektor. Die benutting van hierdie geleenthede verg 'n innoverende benadering van die derdewêreldomgewing wat ver verwyderd is van die denkraamwerk van bemarkingsbestuur in die Eerste Wêreld (Scott-Wilson & Mailoane, 1990:52).

'n Groot rekenaarmaatskappy in Suid-Afrika het gedurende 1990 'n gespreksgroep byeengebring en die hoofonderwerp onder bespreking was die grootte van die informele sektor. Die paneel het verteenwoordigers van die Reserwebank, Ontwikkelingsbank, Vryemarkstigting en akademici van verskillende universiteite ingesluit. 'n Uitstaande kenmerk van dié gesprek volgens Scott-Wilson en Mailoane (1990:53) was die meningsverskil wat bestaan het oor die grootte van die informele sektor. Uit die gesprek was dit duidelik dat die omvang van die aktiwiteit van die informele sektor binne bepaalde geografiese gebiede wesenlik verskil. So byvoorbeeld meen die Sentrale Statistiekdiens dat die berekende omset van die informele sektor in die PWV-gebied net minder as drie persent van die bruto geografiese produk (BGP) van dié gebied is (Anon, 1989b:27).

Die uiteenlopendheid van die geskatte omvang van die informele sektor blyk duidelik uit die volgende. Aan die een kant is daar skattings van so hoog as veertig persent van die bruto binnelandse produk (BBP) (Kantor, 1988:37) of dertig persent van die BBP (Thomas, 1987), terwyl daar weer aan die ander kant skattings so laag as drie persent van die BBP (SSD, 1990:3) en ses persent van die BBP is (Kirsten, 1988:354). Hierdie en ander standpunte en navorsingsresultate oor die omvang van die swart informele sektor word in onderstaande tabel 2 aangetoon.

TABEL 2

**Standpunte oor die omvang van die swart informele sektor**

| BRON | STREEK | Totale jaarlikse verkope vir 'n streek | Werksgeleenthede geskep vir swart mense | Bydrae tot Bruto Binnelandse Produk (BBP) |
|---|---|---|---|---|
| Anon (1988a:5) | RSA | - | 1,72 miljoen | 6,5% -10% |
| Anon (1988b:9) | RSA | R5,6 miljard | - | 2% |
| Kantor (1988:37) | RSA | - | - | 40% |
| Van Wyk (1988:13) | RSA | - | - | 30%-40% |
| Ebersöhn (1988:22) | RSA | - | - | - |
| Kirsten (1988:354) | RSA | R7,2 miljard | 1,7 miljoen | 6,5% |
| Anon (1989c:21) | PWV | R3,1 miljard | - | - |
| MacRobert (1989:89) | RSA | R30 miljard | - | - |
| Gqubule (1990:13) | RSA | - | 2,7 miljoen | 8% |
| SSD (1990:3) | RSA | - | - | 3% |
| Scholtz (1990:30) | VAAL-DRIEHOEK | R915 miljard | - | 15% |

Uit bostaande gegewens kan die onsekerheid wat bestaan oor die grootte en omvang van die informele sektor duidelik waargeneem word. Uit al hierdie standpunte is daar duidelik twee gedagterigtings: dié wat meen dat die bydrae van die informele sektor lê tussen sestien en veertig persent van die BBP en die tweede groep wat meen dat die bydrae van die informele sektor lê tussen drie en ses persent van die BBP.

Die grootte (trefkrag) van die informele sektor moet ook vanuit 'n ander hoek bekyk word, naamlik die rol wat die informele sektor kan speel as 'n substituut vir werkloosheid (kyk punt 3.3). Om die omvang van werkgeleenthede in die informele sektor in syfers uit te druk, is nie maklik nie, juis omdat die normale statistiese prosesse nie diegene wat in die informele sektor bedrywig is, as sodanig insluit nie. In 'n verwerking van die gegewens in tabel 2 tesame met die verwagte bevolkingstendense soos beskikbaar vanuit verslae van die Sentrale Statistiekdiens (1990) en die Nasionale Mannekragkommissie (1988) word die omvang van die informele sektor soos in tabel 3 geskat.

TABEL 3

**Informele sektor: 'n realistiese skatting**

| Jaar | Grootte van die swart populasie insluitende die TBVC-lande (miljoen) | Getal swart mense ekonomies aktief (miljoen) | % van ekonomies aktiewe swart mense in die informele sektor werksaam | Getal ekonomies aktiewe swart mense in die informele sektor werksaam (miljoene) | Geskatte omset van die informele sektor as % van Bruto Binnelandse Produk |
|---|---|---|---|---|---|
| 1985 | 25 | 7,8 | 22 | 1,72 | 5 tot 7 |
| 1990 | 31 | 9,4 | 27 | 2,55 | 6,5 tot 10 |
| 1995* | 37 | 11,84 | 33 | 3,91 | 10 tot 14 |
| 2000* | 48 | 16,8 | 38 | 6,05 | 18 tot 21 |

* Vooruitskouing

Bron: Sentrale Statistiekdiens (1976) en Nasionale Mannekragkommissie (1988).

Indien aanvaar word dat die omvang van die informele sektor as persentasie van die BBP kleiner as tien persent is, dui bostaande projeksie daarop dat die geskatte omset van die informele sektor, as persentasie van die BBP, iewers tussen agtien en een en twintig persent van die BBP in die jaar 2000 kan bedra. Dit is heelwat laer as die skattings wat nou reeds deur optimiste verkondig word.

Gesien teen die agtergrond van die behoefte aan werkskepping (kyk punt 3.3) wil dit lyk of daar iets daadwerkliks gedoen sal moet word om die informele sektor 'n groter rol in die ekonomiese ontwikkeling te laat vervul. Indien die projeksie vir 1995 en verder wel realiseer, beklemtoon dit die belangrikheid van die informele sektor se rol in werkskepping en bydrae tot lewensonderhoud van die gemeenskap.

Die debat oor die werklike omvang van die informele sektor sal 'n geruime tyd nog voortduur. Een aspek wat seker is, is dat die informele sektor oor 'n ontsaglike ekonomiese potensiaal beskik wat wag om ontgin te word (Ebersöhn, 1989:22).

Daar moet daarteen gewaak word om die informele sektor te romantiseer of daaraan oorsake en vertolkings toe te dig wat nie met die feite strook nie. Die eksploitasiesiening hou byvoorbeeld min rekening met die werklikheid van snel groeiende bevolkingsgetalle en beperkte werkgeleentheid, en hou geen duidelike alternatief vir

die hantering van hierdie probleem voor nie. Daarteenoor moet die siening sterk gekwalifiseer word in dié opsig dat dit nie elke deelnemer aan die informele sektor is wat potensiële entrepreneurseienskappe besit nie - trouens, dit is maar slegs by die hoogste uitsondering dat enkelinge die brug kan slaan tussen die betreklik elementêre aktiwiteite wat hulle in die informele sektor voer en die dissipline wat 'n normale kleinsake-onderneming as deel van die formele sektor verg (Brand, 1986:18).

## 5. DIE STRUKTUUR EN INVLOED VAN DEREGULERING MET DIE OOG OP ORDELIKE EKONOMIESE ONTPLOOIING

In Suid-Afrika funksioneer 'n ontwikkelde, geïndustrialiseerde ekonomie en 'n bestaansekonomie langs mekaar. In sodanige ekonomiese bestel word die oprigting, ontwikkeling en bedryf van kleinsakeondernemings gereguleer deur 'n verskeidenheid wette en regulasies, ordonnansies en verordeninge op 'n wyse wat 'n beperking op die ontwikkeling van kleinskaalse ekonomiese aktiwiteite en indiensneming plaas. Die owerheidsregulering word deur 'n wye reeks faktore geregverdig - politiese, ekonomiese, estetiese, veiligheids- en gesondheidsfaktore. Aangesien regulering vir sekere doeleindes ontwerp is, is die saamgestelde resultaat van regulering nie altyd voordelig vir ontwikkeling nie (Kroon, 1991:124). As daar uitgegaan word van die standpunt dat die informele sektor 'n eksploitasiesisteem is, dan sou dit noodsaaklikerwys ingryping van owerheidsweë verg om byvoorbeeld minimum kontraktuele reëlings daar te stel wat die deelnemers aan die informele sektor teen uitbuiting kan beskerm. In die lig van wat vroeër hieroor gesê is, is dit klaarblyklik nie 'n raadsame benadering nie, omdat dit die afset van die dienste wat die informele sektor aanbied, skerp sal inkort sonder om 'n alternatiewe heenkome aan die betrokkenes te bied.

In hierdie dualistiese ekonomie lewer die informele sakesektor 'n belangrike diens aan die gemeenskap. Die informele sektor koop byvoorbeeld laergraad markprodukte wat miskien verlore sou gegaan het teen 'n billike prys en verkoop dit dan in hul eie omgewing. Indien dieselfde produkte deur formele, gelisensieerde sakeondernemings hanteer sou word, sou dit teen heelwat duurder pryse aangebied gewees het. Die informele ondernemer voldoen aan die belangrikste bemarkingsbeginsels deur op die regte tyd en plek in 'n bepaalde behoefte te voorsien en behoort nie deur die Eerste Wêreld se gesofistikeerde strukture, reëls, regulasies en wette verhinder te word om 'n bestaan te maak nie (Kroon, 1991:124).

'n Vryemarkstelsel behoort geleentheid vir die beoefening van individuele vryheid, keuse, inisiatief, oordeel en verantwoordelikheid te bied (Kroon, 1991:124). Word die informele sektor gesien as 'n substituut vir 'n omvattender werkloosheidsversekeringstelsel, dan word dit duidelik dat dit die benadering behoort te wees om so min as

moontlik belemmeringe in die weg van die informele sektor te lê of te laat bly. Dit is in hierdie opsig dat deregulering ter sake is vir die informele sektor en die rol wat dit in die samelewing speel.

Die begrip *deregulering* verwys na die verwydering van onnodige of onnodig beperkende wetgewing of enige amptelike of private maatreëls waar die ekonomiese (en sosiale) koste groter as die voordele daarvan is (Smuts, 1986:4). Deregulering impliseer dat bedryfsekonomiese besluite soos die missie, produktereeks en vestigingsplek van 'n onderneming deur die ondernemer self geneem kan word. Dit kan nie ontken word nie dat die owerheid hierin 'n rol te vervul het, veral om sover moontlik die mededinging in die stelsel te ondersteun en 'n goed-ontwikkelde infrastruktuur te verskaf.

Plaaslike owerhede of derdevlakregering, tweedevlak- en selfs sentrale regeringswetgewing is in 'n land soos Suid-Afrika hoofsaaklik ontwerp vir die sakesektor van die ekonomie. Standaarde wat deur ontwikkelde Westerse lande gestel word, byvoorbeeld gesondheids- en veiligheidstandaarde sal noodwendig die ondergang van informele sektordeelnemers beteken as dit op hulle van toepassing gemaak sou word.

Veral op die plaaslike owerheidsvlak is baie aspekte van die verbod op handeldryf en ander ekonomiese aktiwiteite ontwerp vir heeltemal ander omstandighede as dié waaronder die informele sektor grotendeels funksioneer. Hierdie voorskrifte wat handeldryf verbied, kan swak higiëne, werktoestande en produkgehalte tot gevolg hê. Die beheer oor agterplaasbedrywighede is byvoorbeeld iets wat eie is aan middel- tot hoërinkomstewoongebiede waar mense dit kan bekostig om baie meer prys te stel op die voorkoms en rustigheid van hulle omgewing as in laerinkomste-omstandighede, waar oorlewing 'n baie belangriker oorweging is as rustigheid of netheid. Daar behoort in sulke omstandighede in die regulatoriese raamwerk heelwat groter verdraagsaamheid te wees vir aktiwiteite wat by 'n hoër welvaartsvlak slegs in afgesonderde gebiede soos nywerheids- of handelsones toelaatbaar sal wees. Dit beteken dat sommige sakemanne binne die informele sektor bly (Brand, 1986:17).

Solank as wat sekere regulasies deur plaaslike owerhede afgedwing word, beteken dit egter 'n bykomende onsekerheidsfaktor in die omgewing waarin die informele sektordeelnemer moet optree. Om hierdie onsekerheidsfaktor uit te skakel, is dit raadsaam dat daar 'n sistematiese hersiening en herroeping van hierdie soort beperkende regulasies kom, al is dit dan net in bepaalde gebiede waar die voorkoms van informele sektoraktiwiteite die intensiefste is.

Hoewel hierdie vorm van deregulering heelwat minder skouspelagtig is as sommige van die ander vorms van deregulering wat reeds plaasgevind het, kan dit deur middel hiervan vir 'n baie groot deel van die bevolking makliker gemaak word om voort te

bestaan met minstens die elementêrste lewensnoodsaaklikhede.

## 6. STRATEGIEë VIR DIE TOEKOMS

As uitvloeisel uit hierdie navorsing is dit noodsaaklik dat daar na enkele toekomsstrategieë gekyk moet word. Die bedoeling hiervan is om 'n meer gesamentlike en gekoördineerde poging daar te stel vir die toekomstige ekonomiese ontwikkeling van die informele sektor.

Die volgende strategië word voorgehou.

### 6.1 Skepping van werkgeleenthede

Vanuit die sentrale owerheid, as deel van die nasionale doelwit van ekonomiese groei behoort die bevordering en ontwikkeling van die informele sektor hoë prioriteit te geniet, juis vanweë die bydrae wat dit kan maak tot ekonomiese groei en die skepping van werkgeleenthede vir Suid-Afrika. Ekonomiese groei is nodig om die gemeenskap te bevry en sosiaal-ekonomiese hervorming te bespoedig. Dit is duidelik dat 'n meer gekoördineerde makro-ekonomiese bestuur met die ekonomiese groeikoers as 'n belangrike prioriteit die antwoord kan wees.

### 6.2 Kweekbedding vir ondernemingskap

Die klem moet val op ondersteuning aan die deelnemers in die informele sektor ten einde hulle in staat te stel om die brug na die kleinsakesektor vinniger te kan oorsteek. Dit moet ongetwyfeld 'n belangrike deel van 'n beleid ten opsigte van die informele sektor wees, mits dit rekening hou met die vroeër gekonstateerde feit dat slegs 'n klein minderheid deelnemers aan die informele sektor werklik oor entrepreneurspotensiaal beskik. Pogings om elke deelnemer in die informele sektor na 'n kleinsake-ondernemer te probeer 'ophef', kan maar slegs daarop uitloop dat mense buite hulle vermoë gedwing word en uiteindelik slegter daaraan toe kan wees. So sou die funksionering van die informele sektor ernstig skade aangedoen kan word. Die benadering in hierdie verband behoort eerder een te wees van baie selektiewe ondersteuning aan daardie informele sektordeelnemers wat hulle deur die prestasie wat hul lewer, duidelik uitwys as potensiële ondernemers.

### 6.3 Deregulering op plaaslike owerheidsvlak

Dit is absoluut noodsaaklik dat verdere aandag aan deregulering gegee moet word ten einde dit vir meer entrepreneurs moontlik te maak om toe te tree tot die informele sektor. In hierdie verband is dit veral plaaslike owerhede wat sal moet kyk na moontlikhede vir verder deregulering. Dit sou ook raadsaam wees dat elke plaaslike owerheid 'n komitee van kundiges in sy bepaalde gebied saamstel ten einde dié proses ordelik te laat ontplooi. Plaaslike owerhede kan 'n sentrale rol speel in die deregulering van lisensievereistes en die beskikbaarstelling van handeldryfgebiede veral naby spoorwegstasies, bushaltes en huurmotorstaanplekke. Stalletjies en *carts* kan aan entrepreneurs beskikbaar gestel word om handel te dryf op straat.

### 6.4 Skepping van 'n infrastruktuur

Dit is nodig dat daar meganismes geskep moet word om die ontwikkeling van die informele sektor struktuur te gee. In dié verband het ook plaaslike owerhede 'n totale betrokkenheid tot ontplooiing van die informele sektor. Veral hulp en advies, spesifiek ten opsigte van infrastruktuurskepping is van die grootste belang. Dit sal ook die plaaslike owerheid se verantwoordelikheid wees om die privaatsektor in die betrokke gebied sodanig te betrek en te aktiveer om op 'n tasbare wyse deel van die ontwikkelingsprogram te word. Plaaslike owerhede beskik wel oor die nodige infrastruktuur om dié genoemde ontwikkelingsprogram op die been te bring.

### 6.5 Vennootskap tussen die formele en informele sektor

Die voordele wat te behaal is uit die direkte verhouding tussen die formele en informele sektor behoort verder uitgebou te word. Veral die formele sektor moet aangemoedig word om strukture te skep en om aan die informele sektor meer geleenthede te gee om verder te ontwikkel. Ook groothandelaars kan hulp verleen in die ontwikkeling van die informele-sektormark. In dié verband kan die sluit van vennootskappe tussen die formele en informele sektor 'n belangrike bydrae maak. Enkele van hierdie tipe vennootskappe is reeds suksesvol in werking gestel deur byvoorbeeld die Nasionale Sorghum Brouerye in die Vaaldriehoekgebied. Selfs die benutting van sub-konstruktueringsgeleenthede behoort ondersoek te word.

### 6.6 Finansieringsbeleid vir die informele sektor

Die beskikbaarstelling van kapitaal aan lewensvatbare ondernemings in die informele

sektor behoort ondersoek te word. In die studie van Zim (1991:111) is bevind dat veral ondernemings in vervaardiging, dienste en daardie aktiwiteite wat waarde toevoeg tot produkte voorrang behoort te geniet. Die gebrek aan kapitaal word gesien as 'n beperkende faktor in die ontwikkeling van die informele sektor. Finansiële instellings tesame met die KSOK moet 'n plan van aksie in dié verband daarstel.

### 6.7 Nasionale bewustheid

In die studie van Zim (1991:110) word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die entrepreneur in die informele sektor net sy onderneming sien as 'n manier om van dag tot dag 'n bestaan te voer. 'n Bewustheidsveldtog behoort op tou gesit te word sodat die informele entrepreneur besef dat sy onderneming, indien doeltreffend bestuur, kan groei tot 'n groot en florerende sakeonderneming.

'n Nasionale bewustheidsveldtog, waarin die media 'n baie belangrike rol behoort te speel, behoort van stapel gestuur te word. 'n Beraad, wat die probleem rondom ekonomiese groei, produktiwiteitsverbetering en as sodanig die groei en die ontwikkeling van kleinsake en die informele sektor, behoort op die agenda te wees. Sodanige beraad behoort onder die voorsitterskap van die Staatspresident te wees waarby alle belanghebbendes betrek moet word. Dié beraad behoort die nasionale bewustheidsveldtog vooraf te gaan. Dit is belangrik dat die debat rondom die ontwikkeling en uitbouing van die informele sektor moet saamval met die nasionale hervormingspogings in Suid-Afrika.

## 7. SAMEVATTING

Hoewel die informele sektor nog altyd in Suid-Afrika bestaan het, is 'n nuwe bewuswording besig om te ontwaak. Die verstedeliking van die swart bevolking het baie nuwe stadsbewoners gedwing om weens beperkende wetgewing en gebrek aan geriewe, hul eie werk in die groeiende stede te skep.

Die informele sektor is onlosmaaklik deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die verwagtings van ekonomiese welvaart wat onder hierdie komponent van die bevolking geskep is, kan net bewerkstellig word in 'n gesonde sterk groeiende ekonomie. Die informele sektor het hierin 'n belangrike rol te speel, deurdat dit oor 'n ontsaglike ekonomiese potensiaal beskik wat wag om ontgin te word.

## 8. BIBLIOGRAFIE


ANON. 1988a. The size of the informal sector. *Market Place*, 18(9):5, Sept.

ANON. 1988b. Informal sector grows and grows. *Market Place*, 18(10):9, Oct.

ANON. 1989a. Swart kopers ál belangriker. *Finansies en Tegniek*, 42(35):35, Sept. 8.

ANON. 1989b. Informele sektor se rol nie so groot. *Finansies en Tegniek*, 42(20):27, Mei, 19.

ANON. 1989c. Spaza phenomenon. *Finance Week* : 21-23, Feb. 16-22.

ANON. 1990a. Reken die informele sektor in ... en die ekonomie kry heel nuwe gesig. *Finansies en Tegniek*, 44(18):21, Mei, 1.

BOOYENS, J. 1991. Vreemde werkslui moet kan help met werkloosheidskrisis in Suid-Afrika. *Sake-Rapport* : 1, Sept 29.

BRAND, S.S. 1986. Deregulering en die informele sektor. *Aambeeld*, 14(4):16-19, Nov.

DEVEREAUX, P. 1990. There is an answer - let them be. *The Star* : 6, Jul. 7.

EBERSöHN, J. 1988. Smousbeleid moet verander, lui verslag. *Finansies en Tegniek*, 41(49):22-23, Des. 9.

EBERSöHN, F. 1989. Belê in die eie sake, sê swartes. *Finansies en Tegniek*, 43(17):22, Apr. 28.

GILL, A. 1990. Informal sector employment up dramatically. *Business Day* : 3, Oct. 30.

GQUBULE, D. 1990. Estimation differ widely on size of the informal sector. *The Star* : 13, Sept. 4.

HART, K. 1973. Informal urban income opportunities in Ghana. *Journal of modern African Studies*, 11(1):61-89.

INTERNATIONAL LABOUR OFFICE. 1972. Employment, incomes and equality; a strategy for increasing productive employment in Kenya. Geneva.

KANTOR, B. 1988. Economic and political freedom in South Africa: the role of the informal sector. *Southern African Freedom Review*, 1(4):29-39.

KIRSTEN, M. 1988. Quantitative perspective on the informal sector in South Africa. *Development Southern Africa*, 5(2):251-257.

KROON, J. 1991. Die informele sektor. (*In* Kroon, J. & Moolman, P.L. *reds*. Entrepreneurskap. Potchefstroom : ABEN. p.118-134.)

LOUW, L. 1982. Skadu-ekonomie is 'n rebellie teen te veel inmenging. *Sake-Rapport* : 22, Okt. 10.

MAASDORP, G. 1983. The informal sector - concepts and case study. University of Natal : Durban.

McROBERT, D. 1989. The emerging gaint - Black business in the 1990's. *Marketing Mix* : 89, Aug.

MOLEFE, Z. & MAFAFO, P. 1990. Spaza liftoff. *City Press* : 1, Nov. 11.

NASIONALE MANNEKRAGKOMMISSIE. 1988. Jaarverslag. RP 74/1989. Pretoria : Die Staatsdrukker.

NMK
kyk
NASIONALE MANNEKRAGKOMMISSIE.

OSBORN, E. 1990. De jaren '90: financiële discipline. *Zuid-Afrika*, 67(5):78-79, May.

PRESIDENTSRAAD.
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek).

ROGERSON, C.M. 1985. The first decade of informal sector studies: a review and synthesis. Environmental studies. Occasional paper no. 25. Department of Geography and Environmental Studies, University of Witwatersrand : Johannesburg.

ROGERSON, C.M. & BEACON, K.S.O. 1980. The awakening of informal sector studies in Southern Africa. *South African Geographical Journal*, 62(2):175-190, Sept.

SANTOS, M. 1979. The shared space - the two circuits of urban economy and their spatial repercussions. London : Methuen.

SCHOLTZ, K. 1991. The physical distribution of products in the informal sector in the Vaal Triangle. Vanderbijlpark. (Verhandeling (Meestersdiploma in Tegnologie) - Vaaldriehoekse Technikon.)

SCOTT-WILSON, P. & MAILOANE, M. 1990. Developments in the informal sector. *Dinamica*, 32(1):52-60.

SETHURAMAN, S.V. 1976. The urban informal sector: concept, measurement and policy. *International Labour Review*, 114(1):69-81, July-August.

SMUTS, M. 1986. Privatization, deregulation and development. Paper delivered at the biannual conference of the Development Society of Southern Africa, University of Cape Town : Cape Town. Sept. 10.

SSD
kyk
SUID-AFRIKA.

SUID-AFRIKA. (Republiek). Sentrale Statistiekdiens (SSD). 1976. Bevolkingsprojeksie vir die RSA: 1970 - 2020. Pretoria : Die Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. (Republiek). 1989. Presidentsraad. Verslag van die Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede oor 'n strategie en aksieplan ter verbetering van produktiwiteit in die RSA. Kaapstad : Staatsdrukker. (PR 1/1989).

SUID-AFRIKA. (Republiek). Sentrale Statistiekdiens (SSD). 1990. Statisties-onaangetekende ekonomiese aktiwiteite van kleurlinge, Indiërs en swartes: Oktober 1989. Pretoria : Die Staatsdrukker.

SWANEPOEL, J. 1990. Informal approach to creation of jobs. *Eastern Province Herald*, 146(267):10, Nov. 10.

THOMAS, W. 1987. Structural change and the small business sector. Paper delivered at the biannual congress of the Economic Society of South Africa : Pretoria.

VAN DER BERG, S. 1990. Só redeneer ANC oor ekonomie. *Finansies en Tegniek*, 44(7):27, Feb. 23.

VAN NIEUWENHUIZEN, P. 1991. Tyd is nou ryp vir meer aandag aan groei in die RSA. *Sake-Rapport* : 3, Sept. 29.

VAN WYK, D. 1988. Formele sektor op soek na werkgeleenthede. *Finansies en Tegniek*, 41(47):12-13, Nov. 25.

VOSLOO, B. 1991. 'n Ondernemingskultuur is die uitdaging vir groei. *Rapport* : 6, Sept. 29.

VOSLOO, B. s.j. Informal ways: a window on informal business in South Africa. SBDC : Johannesburg.

ZIM, P.L. 1991. The impact of loan finance on informal enterprises in QwaQwa. Johannesburg. (Verhandeling (M.Com.) - RAU.)